

LAERSKOOLO MIKRO

... waar kind nog kind kan wees ...

Telefoon: 021 -903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579



2022 MUSIEKINLIGTING : LEES ASSEBLIEF NOUKEURIG

Geagte Ouers en Leerders

Baie welkom by Laerskool Mikro se musiekdepartement!! Hier leer ons speel-speel om onself as jong musikante uit te leef deur ons instrumente te bemeester en ons eie potensiaal te bereik.

Lees asseblief die onderstaande musiekreëls sorgvuldig deur ten einde seker te wees van al die inligting hierin uiteengesit. Stuur die vorm so gou moontlik terug skool toe. **Indien u nie 'n vorm inhandig nie, sal u kind nie lesse kan ontvang nie.**

Musieklesse vir graad 3 tot 7 leerlinge sal tydens skoolure plaasvind. Lesse duur 30 minute en vind een keer per week plaas.

Kostes en betaling vir 2022

Klavier (individuele onderrig)	-	R 3 960 per jaar	(R360 x 11 maande)
Klawerbord (individuele onderrig)	-	R 3 960 per jaar	(R360 x 11 maande)
Blokfluit/kitaar (groepsonderrig)	-	R 2 640 per jaar	(R240 x 11 maande)
Solosang	-	R 3 960 per jaar	(R360 x 11 maande)
Saxofoon	-	R 3 960 per jaar	(R360 x 11 maande)

Die keuse van betaalwyse vir 2022 is soos volg:

Jaarliks Betaling voor 31 Januarie 2022

Debietorder 11 maande vanaf 1 Februarie 2022 tot 1 Desember 2022
Indien u per debietorder gaan betaal, voltooi asseblief die meegaande vorm.

Maandeliks 11 gelyke paaiemente vanaf 1 Februarie 2022 tot 1 Desember 2022.
Indien u elektronies betaal, moet die volgende verwysing gebruik word – familiekode en Musiek, bv ABCD Musiek.

 **Kontantbetalings word direk by die sekretaresse gemaak en nie by die musiekonderwyseres nie** 

LET WEL: KAARTFASILITEIT IS NOU BESKIKBAAR




Die skoolfonds en musiekgelde moet asseblief apart betaal word in die volgende rekening:

Rekeningnaam: Laerskool Mikro
Instansie: ABSA, Kuilsrivier 632005
Rekeningnommer: 1006 242 380
Tipe rekening: Tjekrekening
Verwysing: MUSIEK en FAMILIEKODE / LEERDER SE NAAM EN VAN


Basiese reëls :

- Die leerder moet sy/haar eie instrument besit. Indien die leerder nie 'n instrument by die huis het nie, moet hy/sy gereelde toegang tot 'n instrument hê om te kan oefen.
- Enige boeke wat deur die ouer aangekoop moet word, sal vroegtydig gekommunikeer word. Die fooie sluit nie eksamens en kunswedstryde in nie.
- Leerders moet asseblief **stiptelik** wees vir alle lesse.
- Indien 'n leerder sy/haar lesse wil beëindig, **moet die skool skriftelik in kennis gestel word.** 'n Volle maand kennis word vereis.
- **Inskrywings vir UNISA-eksamens en Eisteddfod sal slegs gedoen word nadat betaling ontvang is en die toestemmingsbrief deur die ouer/s voltooi en geteken is.**
- **Indien musiekfooie 30 dae agterstallig is, sal lesse onmiddellik gestaak word. Daarna sal ouers dienooreenkomstig in kennis gestel word. State vir musiekfooie word maandeliks uitgestuur. Gaan asseblief u state na om te verseker dat u fooie op datum is.**
- Dui asseblief op die volgende bladsy aan hoe u verkies om te betaal. Die Beheerliggaam maak daarop staat dat u streng volgens u keuse sal betaal. Let asseblief daarop dat klasse wat sonder verskoning deur 'n leerder gemis word, nie ingehaal sal word nie en steeds betaalbaar is.

Baie dankie vir u samewerking in dié verband.



MNR L. C. MOUTON
SKOOLHOOF



LAERSKOOI MIKRO

... waar kind nog kind kan wees ...

Telefoon: 021 -903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579



STUUR ASSEBLIEF HIERDIE VORM TERUG SKOOL TOE BINNE 2 DAE NA ONTVANGS

MUSIEKGELD : WYSE VAN BETALING 2022

NBI

Die vorm moet voltooi word deur die persoon wat vir die musiekgeldebetaling verantwoordelik is. U keuse is bindend en lesse sal onmiddellik gestaak word indien u meer as 30 dae agterstallig raak. Geregtelike stappe sal geneem word vir die invordering van die volle uitstaande bedrag.

OUER/VOOG: _____

POSADRES: _____

TEL. (WERK): _____ (HUIS): _____ (SEL): _____

E-POS ADRES: _____

Besonderhede van musiekleerder(s) in Laerskool Mikro in 2022		
Naam en Van	Klavier/ klawerbord blokfluit / kitaar / solo sang / saxofoon	Graad 2022

MAAK 'N KRUISIE IN DIE TOEPASLIKE BLOKKIE:

L.W.: Kredietkaartfasiliteit is beskikbaar

1. Betaling sal geskied per aangehegte debietorder wat van krag sal wees vir 11 maande vanaf 1 Februarie 2022 tot 1 Desember 2022.
2. Betaling sal maandeliks as kontant/internet/direkte bankbetaling geskied. Eerste betaling moet voor/op 1 Februarie 2022 geskied en laaste betaling voor/op 1 Desember 2022.
3. Jaarlikse betaling voor/op 31 Januarie 2022.

HANDTEKENING: _____

DATUM: _____



LAERSKOOI MIKRO

... waar kind nog kind kan wees ...

Telefoon: 021 -903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579



MUSIEK DEBIETORDER 2022

Ek, die ondergetekende, magtig die Laerskool Mikro om met my bank/bouvereniging reëlings te tref om die bedrag, soos aangedui, uit my rekening te onttrek. Die reëlings bly vanaf 1 Februarie 2022 tot 1 Desember 2022 van krag, waarna Laerskool Mikro dit sal kanselleer. **NB. INDIEN U GEDURENDE DIE JAAR U DEBIETORDER-BETALING WIL STAAK, MOET U ASB. LAERSKOOI MIKRO SKRIFTELIK IN KENNIS STEL, SODAT ONS DIT KAN KANSELLEER EN SODOENDE KENNIS DRA VAN GEWYSIGDE BETAALWYSE.** Sou u vorm laat of ná die 20^{ste} van die maand ingedien word, sal die debietorder nie vir daardie betrokke maand van krag wees nie, dus moet u 'n alternatiewe betalingsmetode gebruik vir daardie maand.

1. REKENINGHOUER - VAN: _____
2. EERSTE VOORNAAM EN VOORLETTERS: _____
3. ADRES: _____
TEL. (H): _____ (W): _____ (S): _____
4. BEDRAG VAN DEBIETORDER: _____ p.m.
5. DATUM VAN EERSTE BETALING: 1 FEBRUARIE 2022
6. DEBITEER ASSEBLIEF MY: TJEKREKENING
TRANSMISSIEREKENING
SPAARREKENING
7. NAAM VAN BANK OF BOUVERENIGING: _____
8. TAK: _____
9. REKENINGNOMMER: _____
10. 6 OF 8-SYFER BANKKODE: _____

Naam en Van van musiekleerder(s)	Klavier / kitaar / Blokfluit / Klawerbord / Solo sang / Saxofoon	Graad 2022

Ek/Ons erken dat die party wat hiermee gemagtig is om die trekking(s) teenoor my/ons rekening te behartig, geen van sy/hulle regte aan 'n derde party mag afstaan of sodeer sonder ons skriftelike toestemming wat vooraf verkry is nie, en dat ek/ons geen van my/ons verpligtinge ingevolge hierdie kontrak/magtiging aan 'n derde party mag delegeer sonder die skriftelike toestemming wat vooraf van die gemagtigde party verkry is nie.

HANDTEKENING: _____ DATUM: _____
(Rekeninghouer)